# Kynoch voorsien volgens jou behoeftes



Kynoch stel 'n volledige reeks produkte beskikbaar wat voorsien in die gewasspesifieke en groeistadiumspesifieke behoeftes van gewasse.

**Met sy nuwe kunsmisreeks help Kynoch die boer om die beste opbrengs te behaal.**

Kynoch Kunsmis is 'n vooraanstaande invoerder, vermenger en verspreider van 'n volledige reeks korrel-, vloeibare- en spesialiteitskunsmis in Suid- en Suider-Afrika. Kynoch bedryf opbergruimte, asook invoer- en vermengingsgeriewe van die belangrike hawens en ander plekke in die binneland in Suider-Afrika.

Kynoch is die eksklusiewe verspreider van wêreldwyd beproefde Agrotain®-stikstofstabiliseerders wat verskaf word deur Koch Industries in Amerika, asook 'n uitgesoekte reeks internasionale Yara-premieprodukte.

Om 'n volledige reeks plantvoeding beskikbaar te stel en in die verskillende gewasse se behoeftes te voorsien, word ander kunsmis, grondmateriale en produkte ook by ons produkte geïntegreer.

Kynoch se visie is om as vernuwende plantvoedingverskaffer 'n bydrae te lewer tot ons kliënte se maatskappye deur gebruik te maak van ons interne opbrengsverbeteringstegnologie (Yield Enhancing Technologies™) en -dienste (Yield Enhancing Services™).

Saam met ons volledige reeks landboukundige dienste, voedingskedulering (Nutrient Scheduling™) in pas met gewasontwikkeling, asook groeiverbeteraars, is dit moontlik om kliënte te bedien en die groei van hul gewasse optimaal te bestuur.

## PLANTVOEDING

Kynoch stel 'n volledige reeks plantvoedingsprodukte beskikbaar wat voorsien in die gewasspesifieke, plekspesifieke en groeistadiumspesifieke behoeftes van gewasse.

Met Kynoch se vernuwende en pasgemaakte produkte kan plantvoeding toegedien word in ooreenstemming met spesifieke behoeftes gedurende die groeisiklus van verskillende gewasse.

Verder beteken dit dat met Kynoch op die plaas kliënte die meeste uit hul gewasse kan haal en verseker kan wees van verbeterde gewasgehalte en opbrengspotensiaal.

Wat Kynoch betref, is daar geen wonderkuur nie, maar langtermynsukses is die resultaat van die somtotaal van alles wat ons doen. Daarom, reken Kynoch, bring die maatskappy, die boer se vernuwende plantvoedingsvennoot, nou verbeterde doeltreffendheid deur vernuwing.

Die Kynoch-span is opgewonde oor die toekoms en sien daarna uit om hul kliënte tot diens te wees en 'n verskil op die plaas te maak. **LBW**

NAVRAE: **www.kynoch.co.za.**


